Dinsdag 8 Desember
Skrifgedeelte: Psalm 40:1-10 (AFR33/53)
Fokusgedeelte: Psalm 40:4

## Vertel van God se getroue liefde en genade

Alle gelowiges gaan die een of ander tyd deur moeilike tye van beproewing. Miskien gaan jy nou deur een. Wat moet jy doen?

Kom ons kyk na Dawid as voorbeeld. Hy maak in die psalm melding van so 'n gebeurtenis. Hy gee egter vir ons geen aanduiding wat dit was nie. Dit kon siekte wees of dit kon ook sonde wees waarin hy geval het. Dit kon uitdagings wees wat hy as koning ervaar het of dit kon mense se vyandigheid gewees het. Dalk is dit goed as ons nie presies weet wat dit was nie, want anders sou ons dalk die Here se hulp net beperk het tot daardie saak. Hierdie psalm gaan eintlik oor die universele ervaring van gelowiges in allerlei ellendige tye. Dawid gebruik 'n metafoor om uit te druk hoe hy dit ervaar het. Hy was vasgevang in 'n put vol modderige slyk.

Nou as jy al ooit "off-road" met 'n voertuig gery het en in sand of modder vasgesit het, het jy gou besef dat jy nie self uit daardie situasie gaan kom nie. Jy het iemand anders nodig wat op stewige grond is om jou uit te trek. So het ons ook iemand nodig wat sterker is as ons om ons uit die modderige put van ons ellende te kom uitred. God doen dit dan ook vir ons, omdat Hy sy Naam daardeur wil laat eer. Jy het nou die voorreg en verantwoordelikheid om God se Naam voor mense te loof en prys deur te getuig van sy getroue liefde en genade soos Hy jou elke keer uit die modderige slyk van jou probleme trek.

*Sing: Psalm 40-1:3*

*Ds. R (Reghard) Janse van Rensburg (Keetmanshoop/Mariental)*